ecsponent
bele met die tye

ecsponuus

NUUSBRIEF | JUNIE | 2016

Jou aftreegeld en jou kinders. Moet jy deel?

"Moenie in jou lewenstyd jou besit onder jou kinders uitdeel nie. As hulle spandabel is, sal hulle dit verwaarloos en as hulle inhalig is, sal hulle jou verwaarloos."

In goeie outydse Afrikaans was dit die wyse woorde van CJ Langenhoven wat in sy leeftyd 'n eeu gelede reeds gewaarsku het teen ouers wat hul swaarverdiende bates en aftreegeld voortydig aan hul kinders uitdeel.

Dit is vandag soveel te meer van toepassing omdat ons, danksy die mediese wetenskap, baie langer leef – maklik twintig tot dertig jaar ná aftrede!

Pasop vir die kinders

Die huidige ekonomiese afswaai en geldelike krisis plaas groot druk op gesinne en kinders moet daarop bedag wees dat hulle nie hul ouers se neseier vir aftrede plunder of heeltemal verwoes nie. Elke kinder- en ouerverhouding verskil, maar kan jou oogappeltjie kan maklik in 'n gifappeltjie verander as dit oor geld gaan. Kyk maar hoeveel ouers word in hul verswakte jare hoog en droog gelaat, omdat hul pensioen nie lank genoeg gehou het nie en daar boonop vir verswakte sorg betaal moet word.

Jou huis is jou paleis

Al te dikwels dra ouers ná aftrede hul huis aan die kinders oor in die geloof dat die kinders in ruil vir hulle gaan sorg.

Wees bedag daarop dat so 'n oordrag skenkingsbelasting behels van 20% op die waarde van die eiendom as dit meer as R100 000 werd is. Net so moet hereregte van tussen 0 en 13% van die waarde van die eiendom met 'n oordrag betaal word.

In teenstelling daarmee is eiendom wat geërf word, (net van toepassing op erfgename) vrygestel van hereregte. Ná afsterwe kan verskeie uitgawes, soos begrafniskoste, boedelskuld en boedelberedderingskoste, ook van boedelbelasting afgetrek word.

Die eerste R3,5 miljoen van die waarde van die boedel (wat vaste eiendom soos 'n huis kan insluit) behels boonop 'n korting en is ook uitgesluit van boedelbelasting.

Hierdie soort aftrekkings is nie moontlik as 'n eiendom oorgedra of geskenk word nie. Dink dus twee keer voor jy jou huis aan die kinders oordra. (Sien Ecsponent se Belastinggids vir Individue en Trusts op www.ecsponent.com/blog)

Kan ek jou pensioen kry?

'n Pensioenaris het al versoek dat haar pensioen regstreeks aan haar kinders uitbetaal moet word sodat sy hulle kan help om hul motor en huis se paaiement te betaal.

Gelukkig bepaal Artikel 37A van die Pensioenfondswet dat 'n fondsvoordeel of reg daarop nie verminder, oorgedra of op beslag gelê mag word nie.



Dr Anton Hay- Bemarkingsdirekteur
Ecsponent Finansiële Dienste

Suid-Afrika: info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Acacia Huis, Green Hill Village Kantoorpark, h/v Botterklapper en Nentabosstraat (langs Lynnwoodweg), Pretoria
Swaziland: swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland
Botswana: botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • 6e Vloer, Exponential Gebou, Plot 54351, Nuwe SSG, Gaborone, Botswana
www.ecsponent.com
Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.

Die bevoordeelde mag ook nie sy of haar fondsvoordeel of reg daarop aan iemand anders oordra nie.

Die wetgewing is juis ingestel om te verseker dat fondsvoordele benut word deur die persoon vir wie dit bedoel is.

Teken gou die huis af

In 'n ander geval het 'n moeder onlangs haar woning aan haar seun bemaak deur 'n beëdigde verklaring by 'n plaaslike polisiekantoor af te lê, sonder om dit ook in haar testament aan te teken. Haar verklaring was van geen waarde nie, omdat 'n mens slegs ingevolge 'n geldige testament of andersins kragtens die Wet op Intestate Erfopvolging, indien die erflater sonder 'n testament sterf. In hierdie geval het die moeder intestaat gesterf en is haar bates gelyk onder al haar kinders verdeel.

Is jy jou kind se bank?

Dit gebeur ook dat kinders nie vir 'n huislening kwalifiseer nie en dan vra om hul ouers se huis te koop of oor te neem. Dis 'n moeilike besluit, want ouers wil gewoonlik hul kinders help. Die harde waarheid is egter dat hierdie roete 'n finansiële risiko vir die ouers inhou. Waak daarteen om nie jou kinders se kitsbank te word nie.

Deur 'n kortpad aan te bied, leer jou kinders nie die finansiële les nie. Wat hulle maklik ontvang, verloor hulle ewe maklik. En dan is die vraag of jy as ouer die kontrak met jou kind weens wanbetaling kan oproep? Is jy in staat om 'n sakeverhouding sonder emosie met jou kind aan te gaan?

Die ouer se finansiële belang in die huis kan in gevaar gestel word as die kind die huis aan krediteure verloor. Dit kan beteken dat die goedgelowige ouer sy of haar finansiële sekuriteit of onafhanklikheid in die proses kan verloor.

Beplan vooruit

Gesinne beplan selde vooruit en skrik eers in 'n krisis wakker, soos wanneer een van die ouers sterf.

Dit is gewoonlik die slegste tyd om 'n besluit te neem, want in tye van krisis raak familielede gespanne en rusies ontstaan.

Ondersoek die moontlikheid van versekering vir verswakte sorg, omdat die koste daarvan of tuisverpleging jou spaargeld in 'n oogwink kan laat opdroog.

Neem liefs die versekering betyds uit en maak dit deel van jou finansiële plan sodat jy nie eendag in kinders se oë moet kyk nie.

Knip die finansiële naelstring vroeg

Moet nooit huiwer om "nee" te sê nie. Leer die kinders van vroeg af om op hul eie finansiële voete te staan. Hulle kan foute maak, daaruit leer en weer opstaan. Afgetredenes het nie die voorreg van tyd aan hul kant nie. Stel jou eie welsyn eerste om 'n sorgvrye aftrede te verseker- dit is ook 'n geskenk aan jou kinders.

Die Johannesburgse Aandelebeurs se betalingsiklus het verander- dividendbetalingsdatums geaffekteer

Die JAB sal die betalingsiklus van aandeletransaksies verkort vanaf 11 Julie 2016. Beleggers word daardeur geraak omdat dit die maandelikse dividendbetaaldatums affekteer. Daarom sal die oorskakeling na 'n korter betalingsiklus die bestaande dividendkalender, wat aandui op watter datum beleggers hul dividende ontvang, wysig.

Die nuwe betalingsiklus sal verander van die T+5 siklus na 'n korter T+3 siklus, waar T+3 verwys na die aantal werksdae wat verloop vanaf die dag wat 'n transaksie plaasvind, tot en met die dag wat die transaksie moet vereffen.

Transaksies wat plaasvind voor 11 Julie, sal onder 'n T+5 raamwerk vereffen word terwyl transaksies vanaf daardie week binne die T+3 siklus sal val. Hoewel die JSE nie groot probleme verwag nie, is 18 Julie as 'n alternatiewe oorskakelingsdatum aanvaar, ingeval daar wel groot probleme opduik.

Die Raad op Finansiële Dienste (RFD), wat sekere aktiwiteite van die JSE reguleer, het reeds geruime tyd druk op die JSE uitgeoefen om 'n korter siklus te aanvaar.

Hierdie inhoud is slegs vir inligtingsdoeleindes en moet nie as advies beskou word nie.

2016 Dividendkalender

Dit is juis om Suid-Afrika aan te laat pas met die internasionale poging om verhandeling te verkort en te voldoen aan die standaarde van die International Organisation of Securities Commissions.

Die korter verhandelingsiklus sal die likiditeit van Suid-Afrikaanse effekte verbeter en sal bykomende transaksies vir batebestuurders beteken wat hul inkomste sal verhoog. Dit sal ook die geloofwaardigheid en operasionele doeltreffendheid van ons beurs te verbeter, wat sal help om Suid-Afrika 'n aantreklike beleggingsbestemming te maak.

Die nuwe dividendbetaling kalender is soos volg:

2016 Dividendbetalingsiklus			
2016	**Afsnydatum**	**Betaaldatum**	**Dae in siklus**
Mei	08-Mei-16	16-Mei-16	28
Junie	05-Jun-16	13-Jun-16	28
Julie	03-Jul-16	11-Jul-16	28
Augustus	09-Aug-16	15-Aug-16	37
September	13-Sept-16	19-Sept-16	35
Oktober	11-Okt-16	17-Okt-16	28
November	08-Nov-16	14-Nov-16	28
Desember	12-Des-16	19-Des-16	34

Indien u vrae het rakende hierdie veranderinge, kontak ons gerus by info@ecsponent.com, of sms die woord "JSE" na 45891 en ons sal u kontak.

Die nuwe era van regeneratiewe medisyne: hou stamselle die sleutel tot die toekoms van genesing?

Een van die maatskappye in die Ecsponent groep is Salveo Biotechnology South Africa. Ecsponent en die internasionale biotegnologie groep, Esperite, is mede-eienaars van hierdie naelstringbloedbank wat babas se stamselle van hul naelstringbloed oes en berg. Stamselnavorsing is 'n belowende tegnologie waar die mens se eie selle gebruik word om genesing te bewerk.

Stamselle is spesiale selle wat die vermoë het om tot enige sel in die liggaam te ontwikkel en defektiewe selle te herstel of te vervang. Stamsel-oorplantings het alreeds duisende mense ter wêreld se lewens verander en gered deurdat dit gebruik word vir die behandeling van meer as 75 siektes, insluitend verskillende tipes van kwaadaardige aandoenings, bloedarmoede, aangebore metaboliese afwykings en immuunstelseltekortkominge.

Die beloftes van hoop wat stamselbehandeling inhou, spreek tot baie mense. Huidige kliniese toetse ondersoek hoe stamselle gebruik kan word om siektes en beserings soos Parkinson se siekte tipe 1-diabetes, hartsiektes, rugmurg beserings, spierdistrofie, beroerte, brandwonde, osteoartritis, rumatoïede artritis, Alzheimer se siekte en, visie- of gehoorverlies te bestuur of te genees. Meer onlangs beloof die sogenaamde "bioprinting" met stamselle 'n toekoms waar weefsel en organe op aanvraag gegenereer kan word, wat orgaanoorplanting meer toeganklik sal maak met minimale komplikasies.

As gevolg van die verbintenis met Esperite, word Salveo gereguleer deur protokolle en prosedures van Europa se grootste stamselbank en die bekende Switserse gehalte is inherent in elke aspek van die besigheid. Vir Suid-Afrikaanse ouers, beteken dit 'n wêreld-klas stamselbergingsopsie wat bekostigbaar en volhoubaar is.

Vir meer inligting oor stamselle en die naelstringbloedbank Salveo, lees asseblief die volgende bladsy, of besoek www.salveobiotech.co.za.

salveo
Swiss Biotechnology

SWISS QUALITY
STEM CELL STORAGE

The new age of regenerative medicine: are stem cells the future of healing?

If you're a parent, you will undoubtedly agree that there are few things more powerful in the world than the love for your children.

Even before their birth, our genetically rooted instinct to nurture and protect them from harm is ignited and lasts a lifetime. For most parents, there is no mountain too big to move for the sake of their children's health and happiness.

If you are a grandparent this love is multiplied when your grandchildren arrive in this world and knowing more about stem cells could protect both your children and grandchildren in future.



Storing your baby's umbilical cord blood and cord tissue stem cells, is a gift so precious you can only give it once. These stem cells have the potential to save his or her life.

life. hope. future

FOR MORE INFO CONTACT US:
SALVEO SWISS BIOTECHNOLOGY
087 150 8390 / info@salveobiotech.co.za